AFDELING D TAALVAARDIGHEID

VRAAG 8 SINSTRUKTURE

Herskryf die sinne onder die prentjie soos aangedui.

Sanele Mbuyasi is 'n KwaZulu-Natalse duikinstrukteur.



[Bron: Google Images]

8.1 Die tieners is baie opgewonde omdat Sanele hulle strand toe geneem het.

Die tieners is baie opgewonde, want ... (1)

8.2 Die duikers het versigtig al die belangrike duikreëls nagegaan.

Al die belangrike duikreëls ... (1)

8.3 Die seuns leer al die duikreëls. Hulle kan die oseaan verken.

Nadat ... (1)

8.4 Die skubaduikers eet en swem elke dag.

Verlede Desember ... (1)

8.5 Het Thabo al ooit saam met die visse geswem?

Nee, ... (1)

IEB Copyright © 2021

LIVEWORKSHEETS

8.6 Durban is 'n gewilde vakansiebestemming. Durban het twee pragtige duikplekke.

Durban, wat ... (1)

8.7 Sanele vra aan sy vriend: "Dra jy die regte grootte duikpak?"

Sanele vra aan sy vriend of ... (1)

8.8 Sanele sal vanmiddag 'n uitstappie al langs die strand reël.

'n Uistappie al langs die strand ... (1)

8.9 Sanele sê: "Julle ouers gaan baie trots op julle wees".

Sanele sê dat ... (1)

8.10 Vakansiegangers hou van Durban. Hulle gaan elke jaar daarheen.

Vakansiegangers hou van Durban; daarom ... (1)

8.11 Thabo huur 'n duikpak sodat hy kan leer duik.

Thabo huur 'n duikpak om ... (1)

8.12 Professionele duikers moet elke jaar in die see duik.

Professionele duikers behoort ... (1)
[12]

IEB Copyright © 2021

BLAAI ASSEBLIEF OM
LIVEWORKSHEETS

VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

Lees die paragraaf wat op die prentjie gebaseer is, deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf die nommer en die korrekte antwoord in jou antwoordskrif neer.



Thando is vandag **9.1 (19 – skryf die woord)** jaar oud en sy mede-studente aan die **9.2 (Universiteit van Kaapstad – skryf die afkorting neer)** het 'n wonderlike **9.3 (verassing/verrassing – kies die korrekte woord)** vir hom gereël. Hy het al die **9.4 (motors/motor's/motore – kies die korrekte meervoud)** voor sy koshuis opgemerk, maar hy het nie gedink dat dit vreemd was nie. Baie studente het hulle **9.5 (uie/eie/eier – kies die korrekte woord)** vervoer. **9.6 (Wanneer/Toe – kies die korrekte voegwoord)** hy sy deur oopsluit, het almal **9.7 (suddenly – gee die korrekte Afrikaanse woord)** geskreeu: "Veels geluk!" Hy was nog besig **9.8 (___ – skryf die ontbrekende woord neer)** van die skok te herstel toe hulle 'n **9.9 (hoed – gee die korrekte verkleinwoord)** op sy kop sit en hom na die eetkamer neem. Thando het die **9.10 (snaaks – gee die oortreffende trap)** gevoel op sy maag gekry. Hy was opgewonde. John en Shahieda het sy verjaarsdagkoek na hom uitgehou. Op die koek was 19 **9.11 (brand – gee die teenwoordige deelwoord)** kerse. Die meisie met die **9.12 (streep – gee die verlede deelwoord)** T-hemp en deminbroek het gesê dat hy die kerse moet doodblaas. Dit was die **9.13 (een – gee die rangtelwoord)** keer dat Thando sprakeloos was, want hy het dit nie verwag nie. Hy het die kerse **9.14 (vinnig – gee die intensiewe vorm)** doodgeblaas en almal het toe **9.15 (na/vir – kies die korrekte voorsetsel)** hom gesing. Sy vriende het almal saam vir hom een **9.16 (duur – gee die antoniem)** geskenk gekoop eerder as wat elkeen 'n klein geskenkie koop. **[8]**

IEB Copyright © 2021

LIVEWORKSHEETS